



## 22 APRIL 2018

**09:00 Erediens**

**Peet Crous**

*Kielie 'n rot. (Humor in die Ou Testament.)*

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00 kleuterkerk**

*Wanneer verjaar jy!? Bring asb. 'n foto van jousef saam.*



**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr. Kategese)

**Juan Aveling**

**19:00 Belydenisklas**

*Die Bybel in geestelike oefeninge. Kleingroepe*

Hoërskoolkatkisanter word daaraan herinner dat die aanddiens deel uitmaak van die Snr. Kategese. Bywoning is van kardinale belang, omdat Kleingroep-gesprekke op die inhoud van die preek gebaseer is.

Baie dankie aan al die ouers van die Graad 9's wat vanaand help tee skink na die Aanddiens.

## 29 APRIL 2018

**09:00 Erediens**

**Eric Scholtz**

**18:00 Aanddiens**

**Immanuel van Tonder**

*Ya Bana besoek en uitreik op 6 Mei. Ons ontmoet om 07:30 by die kerk. Koste beloop R20 pp. Kontak vir Liani 079 506 4078 of Jeanri 074 893 2836 as jy dit wil meemaak.*

*Baie dankie aan almal wat deel was en/of gehad het om die Paassangdiens en -tee 'n groot sukses te maak. U meelewing word opreg waardeer.*



Kom geniet op 5 Mei vanaf 09:00 – 13:00 'n kreatiewe oggend en ontdek saam met Liezel Luneburg die wonder van Mandalas. Liezel gaan nie net die kuns van mandalas teken met ons deel nie, maar ook die geestelike waarde wat sy daarin ontdek het. Liezel noem dat sirkels groot gewig in die skepping dra: 'n Eiersel is sirkelvormig, 'n varingblaar rol in 'n sirkelkurwe uit om 'n vars stingel te vorm en ons pupille is sirkels wat sien en inneem. Die woord "mandala" beteken bloot "sirkel met 'n middelste trefpunt". 'n Kreatiewe Skepper vorm in perfekte balans die middelste trefpunt van my bestaan. Haar kuns fokus op hierdie middelpunt en ontgin die onverstaanbare, Goddelike kenmerk van kreatiwiteit wat binne-in elkeen van ons lê – soms sluimerend en onopgeëis, maar altyd wagtend in die agtergrond. Dit is dus nie vreemd dat sirkels vir haar besondere geestelike waarde inhou nie. Sy getuig daarvan dat sy menige gesprek met God voer en oplossings en berusting agter haar tekenbord, passer in die hand vind. Koste: R150 (sluit skryfbehoeftes en ligte verversings in). Vir meer inligting kontak Fay 083 478 0854. Bespreek asseblief jou plek by die kerkkantoor 012 348 1245.

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor op Maandag 30 April 2018 gesluit sal wees.

# Die week se kalenderaktiwiteite

<b>Dinsdag:</b>	<b>Bybelstudiereeks: <i>God help die wat hulleself help</i></b> 08:30 (Koinonia). Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. (Meer inligting hier onder.) <b>Bybelstudie</b> 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. <b>Nuwe Generasie Bybelskool</b> 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. <b>Bybelstudie</b> 19:15 (Koinonia) gelei deur Prof Dalene Fourie – tema: <i>Die Landsbelofte in die geskiedenis en geloof van Israel</i> .
<b>Woensdag:</b>	<b>Studente-selgroep</b> 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. <b>"Young couples"-omgeegroep</b> 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Donderdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 09:30 (Lynnwood Oord). <b>Jong Volwasse-omgeegroep</b> 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Vrydag:</b>	<b>Vryheidsdag</b>

## Voorbidding:

Hester van der Merwe en familie, Chappiesweg 336, Lynnwood, 083 325 5694 – Eric oorlede. Begrafnis was Donderdag.

## Bewys van Lidmaatskap:

Joey Heyns, Lynnwood Oord 14, The Hillside 315, Lynnwood, 072 128 9719.  
Cornell en Nadine Volschenk, Krisantstraat 430, Silverton, 082 499 1063.

## Bybelstudiereeks: *Halwe waarhede in die Christendom (Adam Hilton)*

Almal word hartlik uitgenooi na 'n Bybelstudiereeks om 08:30 by die kerk:

24 April: God help die wat hulleself help (Koinonia).

8 Mei: God gee ons nooit meer as wat ons kan hanteer nie (A21).

22 Mei: God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is (A21).

29 Mei: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

## Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan



## Gemeenskap:

**PEN Besigheidsontbyt** op 10 Mei om 07:00 by Ooskerk. Sprekers: Gewaardeerde en Sosiale Entrepeneur, Francois van Niekerk en Dr. Marinda van Niekerk (Hoof Uitvoerendebeampte, Pen). Tema: *Besigheid met 'n doel*. Besprekings: Elaine 012 323 6688 of e-pos [info@pen.org.za](mailto:info@pen.org.za).

**Woonstel te huur in Menlopark:** ruim een slaapkamer woonstel te huur met aparte badkamer en kombuis. Beskikbaar vanaf 20 April 2018. Enkel persoon; nie-roker. R4400 per maand, elektrisiteit-meter geïnstalleer. Kontak Elise 082 950 3368.

**Afgetrede gegradueerde onderwyseres** is op soek na 'n deeltydse admin pos in Pretoria Oos. Ek is rekenaar vaardig en beskik oor goeie taal en skryf vaardighede in Afrikaans en Engels. Ek is tweetalig en kan ook vir laerskool leerlinge help met ekstra Engelse lesse. Skakel my asb. by 082 361 2414.

**Montanac - pragtige ruim kamer** ten volle toegerus met dubbelbed, sowel as ingeboude lessenaar en boekrakke. Deel badkamer met ander persoon, sowel as moderne kombuis met eie kruidenierskas. Sluit ook motorhuis in. Kontak: Rita Hartman by 083 277 8763.

# Kontak van die week: Jesus die tuinier

Volgens die Evangelie van Johannes was Maria op Paasoggend die eerste by Jesus se graf. Toe sy van die leë graf wegdraai, sien sy Jesus, maar sy meen toe dat dit die tuinier is.

Hoe kon sy Hom met die tuinier verwar? Wat beteken dit? Johannes gebruik dikwels misverstande om 'n dieper boodskap oor te dra. Nikodemus verstaan byvoorbeeld verkeerd as Jesus van 'n geboorte *van bo* praat en hy dink aan 'n natuurlike geboorte. Die vrou by die put verstaan Jesus se woorde oor lewende water verkeerd. Dit is misverstande wat uitnooi tot 'n dieper verstaan.

Waarskynlik is dit ook so 'n "Johannese misverstand" as Maria vir Jesus as die tuinier aansien. Die Johannes-evangelie, meer as die ander evangelies, lê klem op die rol van tuin in Jesus se lewe. Ook in Openbaringe word die tema van die nuwe tuin meermale herhaal.

Johannes sluit aan by die tuin van Eden, die "paradys". Adam was die koninklike tuinier wat ervaar het dat God in die tuin by hom is en saam met hom wandel, maar hy het die tuin deur sy ongehoorsaamheid verloor en daarmee is die oorspronklike skone vernietig. Johannes vertel dat Jesus die nuwe Adam is wat die skoonheid en vrede van God se skepping herstel.

God het in die paradys aan Adam gevra: *Waar is jy?* Die Jode lees dit as 'n vraag wat God aan elke mens stel: *Waar bevind jy jou? Waar vind jy 'n tuiste?*

Johannes neem hierdie vraag verder in sy evangelie en verbind dit met die paradys. Jesus vra twee maal die vraag: *Wat soek julle/jy?* Die eerste keer is heel aan die begin van Jesus se bediening (1:38). Twee mense loop agter Hom aan en dan draai Jesus om en vra: *Wat soek julle?* Hulle antwoord: *"Rabbi, Waar gaan U tuis?"* Jesus antwoord hulle: *Kom saam, dan sal julle sien!* En so word hierdie eerste twee dissipels Jesus se volgelinge wat uiteindelik sal sien waar Hy werklik tuis is.

Hier aan die einde van die evangelie (20:15) vra Jesus vir Maria 'n soortgelyke vraag: *Wat soek jy?* Maria antwoord dat sy Jesus soek. En dan vind sy Hom in die tuin. Hy is die nuwe Adam, die goeie tuinier. God gee nie net vir mense om nie, maar ook vir die res van sy skepping.

Die gebeure word so vertel dat ons Hom nie te ver moet soek nie. Mens loop Hom daar raak waar jy Hom nie verwag nie, waar jy soos Maria treur en moedeloos en hartseer is. As jy Hom dan ontdek word daardie plek 'n paradys. Dan kan jy soos Maria getuig: *Ek het die Here gesien.*

Nogal 'n diep vraag om te antwoord: *Wat soek jy? Wat soek ék in my lewe?*

Groete

Johan Jooste (namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

# Pinkster 2018

## Lewegewende Fontein

*Droom saam oor die kerk as lewegewende gemeenskap*



Sondag 13 Mei 9:00 Prof Nelus Niemand  
Sondag 13 Mei 18:00 Vr Chris Schönenberger  
Maandag 14 Mei 18:00 Nicolaas Kruger  
Dinsdag 15 Mei 18:00 Vr Jacobus van der Riet  
Woensdag 16 Mei 18:00 Marietjie van Loggerenberg  
Donderdag 17 Mei 18:00 Bouwer Bosch  
Sondag 20 Mei 9:00 Pinksterfees saam met die koor van  
Meisieshoër Liturg: Immanuel van Tonder



*Warm koppie  
sop saans!*

*KINDERPINKSTER  
Elke aand 18:00 in die saal*

*Pinkster  
by Lynnwood-Oord  
Die waarde van 'n  
slagspreuk vir Pinkster  
Dr Michiel Botha  
Ma 14 Mei - Don 17 Mei  
om 9:30*

